

# Stelloskoop

Amptelike skooltydskrif van Hoërskool Stellenbosch | Desember 2025

## Stellies blink uit in die buiteland

# 92 jaar se wysheid

## 3 Legendes sluit hul laaste skoolhoofstuk af
















VAN NEEL OPTOMETRIST
OUR SUCCESS COMES FROM THE FACT THAT WE LOVE WHAT WE DO
Van Neel Optometrist provides top eyecare services with care and compassion in mind.
EYECARE DISPENSARY
FRAMES & SUNGLASSES
VISION & EYE HEALTH
Shop 7, Simonsrust Centre, Stellenbosch, 7600
info@vanneel.co.za | 081 320 1778






# REDAKTEURSBRIEF



Terwyl ek in die Belgiese dorp, Gent, in die Julie-vakansie rondgestap het, het ek onverwags in 'n nou stegie beland. Daar, tussen eeue-oue geboue, was daar skielik helder, moderne graffiti op al die mure. Dit is 'n totaal onbeplande verrassing. Elke kunswerk en woord het 'n eie storie vertel.

Dit het my baie laat dink aan die *Stelloskoop*. Ons vier nie net die prestasies van leerders en groot gebeurtenisse van die skool nie; ons deel ook graag die onverwagse stories agter die stories... leerders en onderwysers se eie foto's, woorde en ervarings... dit wat jy nog altyd wou weet.

Net soos die graffiti deur verskillende kunstenaars gemaak is, werk ons eie diverse en talentvolle span van meer as 40 redaksielede saam om die *Stelloskoop* saam te stel. Dit is daarom vir my 'n groot voorreg om die nuwe redakteur te wees.

Ek hoop dit inspireer jou om self ook raak te sien hoe elke dag vol klein, onverwagse stories is. Wie weet, miskien is jou storie die volgende een wat die *Stelloskoop* ontdek.

Mag jy hierdie uitgawe geniet... en dalk ook verras word! Lekker lees!

*Daniël Schoonraad*

# REDAKSIE

**Redakteur**
Daniël Schoonraad

**Verslaggewers**
Anna Retief
Gemma Douries
Karla Sandrock
Theunis du Plessis
Anya Maree
Carla Pretorius
Jaylin Bronkhorst
Yadua Smit
Anduné Morkel
Kara Kruger

**Kunstenaars**
Klara Floor
Wina Hoffmann
Anli Oberholzer
Johan Swanepoel
Juanita Lamprecht
Kristian Nauschutz
Marli Kluyts

**Bemarking**
Kiara Cloete
Kim Cloete
Caprivi de Beer
Tamzin Bester

**Fotoredakteur**
Louise du Toit

**Fotograwe**
Joshua Heinemann
Aleza Roos
Daniella Smit
Jeffrey Morris
Kara Calitz
Lea Lategan
Deon Jansen van Rensburg
Mia du Plessis
Ané Slabber
Cherise Engelbrecht
Hannah Griffioen

**Uitlegredakteur**
Hano Krige

**Uitlegkunstenaars**
Ruben Sander
Lienka Engelbrecht
Alettie Morris
Ilzandrie Gerber
Nadia de Jager

**Onderwyser betrokke**
Juf Felton

**KONTAKBESONDERHEDE**

**E-pos:** admin@stellies.com
**Tel:** +27 21 887 3082/3

Jannaschstraat, Stellenbosch, 7600
www.stellies.com

SEMPER ALTIOR
STELLENBOSCH

**Voorblad:** Juffrou De Villiers, Meneer Mostert en Juffrou Muller
**Voorbladfoto:** Louise du Toit
**Drukkers:** African SunMedia













## NUUS

**6 Die onvergeetlike Oranjerivier**
*'n Graad 11-vakansie om vir altyd te onthou*

**8 Braai, bergklim en sokkie!**
*Uitruilstudente van Nederland besoek ons skool*

**9 Van Visie tot Werklikheid**
*Die graad 11's verken die dorp opsoek na 'n visie*

## PERSOONLIK

**10 92 jaar se wysheid**

**14 Nog onnies sê vaarwel**

**15 Onnies se eie hoërskoolstories**

**16 Ons eie doktor Staude!**

**Verlowing Verrassing**

## SOSIAAL

**17 Nederlandse sokkie**

**18 Roulette en rooi tapyt**
*Die matrieks dans en "dobbel" die nag verby*

**22 Boerewors, broodrolle en baie trane**

## ONDERSOEK

**24 Die 101 van die atletiekseisoen**

**25 'n "Playlist" vir die vakansie**

**26 Beste in die Weste**
*Ses aktiwiteite vir 'n onvergeetlike somer.*

**27 Stellie-tydmasjien:**
*Die Skoollied*

## PRET

**28 Stelloskoop Pret**
*Watter woord pas nie, woordsoek, brabbeltaal, ken jou leiers*



44 *Wat 'n begin vir die krieketseisoen!*



42 *Stellies blink uit in die buiteland*



*Nederlandse sokkie* 17



*Boerewors, broodrolle en baie trane* 22


## KOMITEES

**30** **Nuwe jaar, nuwe drome en 'n nuwe 2026**

## ALUMNI

**33** **'n Naam wat steeds skitter!**
*Tatum Ferrier*

## AKADEMIE

**34** **1, 2, top 10!**
*Wyshede van ons top-presteerders*

**36** **Prysuitdeling 2025**
*Toewyding en prestasies word vereer*

**37** **Goud vir die wenners van die JSE-beleggingsuitdaging**

## KULTUUR

**38** **Kultuur in die kollig**
*Stellies se kultuurprestasies van kwartaal 4*

**40** **Middaguurkonsert**
*'n Fotoblad*

## SPORT

**41** **Sportprysuitdeling 2025**

**42** **Stellies blink uit in die buiteland**

**44** **Die swemspan is reg vir aksie!**

**Wat 'n begin vir die krieketseisoen!**

**45** **HSS se tennis slaan nooit mis nie!**

**Hokkie bombsquad is die "bomb"**

**46** **Top resultate vir ons atletiek**

**Hannah wys balans**



# DIE ONVERGEETLIKE ORANJERIVIER

*deur Theunis du Plessis*

## 'n Graad 11-vakansie om vir altyd te onthou



Foto's: Verskaf

*Nina van der Merwe en meneer Kallie roei lekker saam.*



*Die leerders sing lekker saam terwyl AJ Joubert ukelele speel.*



**Illustrasie deur Klara Floor**

Op 6 Oktober was daar 673 km tussen die Stellieroeiers en die werklike begin van die Oktobervakansie, maar na sewe ure se ry het daardie 673 kilo's vinnig tot by 0 gekrimp toe ons uiteindelik by ons kampplek vir die aand aangekom het: Vioolsdrif.


Vioolsdrif is werklik 'n plek wat oorloop van uniekheid, natuurprag en gasvryheid aangesien daar 'n hele lapa vol van aandenkings soos nommerplate en hoedens met koki-name op was, saam met 'n asemrowende uitsig op die natuur en 'n heerlike tuisgemaakte aandete. Die aand het almal buite, op die gras, onder die sterre geslaap.

Die volgende môre het ons almal vroeg vertrek om so vinnig as moontlik by die water uit te kom. Na 'n vinnige twee ure rit met die ikoniese Bosbatrok-bus was ons aan die beginpunt van ons 60km reis stroomaf.

Elke roeipaar, wat uit een meisie en een seun bestaan het, het met 'n



*Kathleen Kellerman, Joshua Lategan, Nina Kruger en Basti Bredell geniet die roei.*



*Die bote waarmee die leerders geroei het.*

opblaas kano die rivier afgedurf. Elke roeipaar moes ook saam met hul eie bagasie, ’n koelerboks en ’n kan water saamneem.

Vir die volgende vier dae het ons die roetine gehad van roei, stop vir rus en middagete, verder roei, en finaal stop vir die dag, aandete en dan slaap. Elke rusplek was ’n hele storie op sy eie. Die gidse het gesorg dat elke maaltyd ’n fees was deur ’n spyskaart voor te berei wat plaatkoekies en lamtjops ingesluit het!

Die oggend van die laaste dag het almal pootuit in die bus geklim vir die pad terug huis toe, maar nie voordat daar ’n nuwe hoed met elke roeier se naam op in die lapa gehang is nie.

Dit was regtig ’n onvergeetlike ervaring, en definitief een waaraan elke toekomstige graad 11 moet poog om deel te neem.



*Die leerders kampeer langs die rivier.*




*Die graad 11’s is moeg na ’n lang dag van roei.*



*Mary-Anne Basson, Nina Kruger, Jo-Mari Basson, Kathleen Kellerman, Taylor Hayward en Nina van der Merwe.*



# Braai, bergklim en sokkie!

## Uitruilstudente van Nederland besoek ons skool

***deur Carla Pretorius***

Van braai en braaibroodjies eet, tot bergklim en sokkie - die Nederlandse groep uitruilstudente wat ons skool besoek het, was blootgestel aan al die dinge wat Suid-Afrika spesiaal maak en hulle het glad nie teruggehou nie!

Alhoewel Nederlandse skole soos 'n droomland klink met hul unieke skoolkultuur en skool toe fietsry, was dié groep leerders vreeslik beïndruk met hoe dinge hier by Hoërskool Stellenbosch werk. "Julle skool is die plek waar jy jou vriende het, sport doen en vir sommige mense is die koshuis hul tuiste," sê Julia Boon.

"Ons skool (in Nederland) bied net akademiese lesse aan waarna jy direk na skool huis toe fietsry. Jy moet vir 'n klub speel indien jy 'n sport wil doen," verduidelik sy en Britt Esch.

"Dit was ook 'n groot positiewe kultuurskok om te sien hoe die seuns vir die meisies by die deur wag omdat mens dit nooit by ons sien nie," sê sy.

"My gunstelingdeel was om so baie nuwe mense en hul kultuur te ontmoet," sê Florian Toebes. Wenjian Hofstede sê dat die braai en braaibroodjies wat hulle geëet het 'n heel gunsteling was, en die biltong, natuurlik!

Hoe die onderwys werk en hoe streng hulle op ons akademie oor die algemeen is, was vir die meeste interessant om te sien in vergelyking met hulle skole wat nie so gedissiplineerd soos Suid-Afrikaanse skole is nie."Die feit dat julle ook nie tussen skool, vriende en sport hoef te kies omdat julle alles gelyk kan doen, is iets wat my vreeslik interesseer," voeg Julia Boon by.

**So, as jy vir drie weke 'n ander land kan besoek, wat sal jy alles wil beleef?**



*Die Nederlanders swem heerlik in Jonkershoek!*



Foto's: Verskaf

*Almal geniet 'n heerlike uitstappie.*

# Van Visie tot Werklikheid

## Die graad 11's verken die dorp opsoek na 'n visie

*deur Gemma Douries*

Terwyl die res van die skool nog 'n dag van klas moes verdra, het die graad 11's die dorp gaan verken en hul nuwe merk as leiers van die skool gelaat.

Op Woensdag, 15 Oktober, het die graad 11's in hul onderskeie groepe verskillende besighede in en buite Stellenbosch gaan besoek. Dit het die leerders 'n kans gegee om hul mede-graadmaats beter te leer ken en terselfdertyd meer te leer oor die besigheidswêreld. Die graadgroep het opgekom met die visie van deursigtigheid. Volgens die graad 11's is deursigtigheid iets wat ons as Stellies sal bevorder deur ons verhoudings met mekaar, ander grade en die onderwysers te versterk.

Ons is almal opgewonde om te sien hoe die graad 11's hul rolle as matrieks gaan aanpak en die visie van die skool 'n werklikheid maak.


Foto's: Verskaf

Professor Anton van Niekerk met 'n graad 11-groep.

### Wat dink die graad 11's van die dag?

"Dit was 'n baie insiggewende dag. Ons kon baie dinge leer wat ons kan gebruik om 2026 'n goeie jaar te maak." **- Dimitri Erasmus**

"Ek sal dit beskryf as 'n dag vol groei en ontdekking waar ons nuwe bande gebou het."
**- Saskia Groenewald**

"Dit was 'n groot openbaring oor wat werklik in die samelewing en die korporatiewe wêreld gebeur."
**- Kean Coetzee**

"Dit was 'n baie lekker dag waar ek die kans gekry het om mense, met wie ek gewoonlik nie sou praat nie, beter kon leer ken." **- Matilda Maritz**

"Die graad 11-dag was 'n unieke ondervinding wat vir jou baie leer van die buitewêreld en hoe dit funksioneer." **- Charl Engelbrecht**

"Vir my was dit baie opwindend en ek het baie geleer, nie net van die universiteitsbestuurders nie, maar ook hoe om 'n goeie voorbeeld te stel."
**- Lisa Rothman**

"Dit was uiters puik om die volwassenheid van die graad 11's te beleef." **- Haydan-Reese Cornelius**

"Die graad 11-dag was 'n spesiale geleentheid waar ons as 'n graad bymekaar gekom het om te bespreek watter soort leiers ons vir ons skool wil wees."
**- Jayden van Wyk**



Een van die graad 11-groepe saam met me. Ilhaam Groenewald.


Foto's: Verskaf









# 92 JAAR SE WYSHEID

## 3 Legendes sluit hul laaste skoolhoofstuk af

Wanneer drie onderwyslegendes saam afskeid neem, besef 'n mens hoe kosbaar 92 jaar se wysheid regtig is. **Meneer Mostert** het op 'n reënerige dag in Julie 1990 sy eerste klas by Hoërskool Stellenbosch (HSS) gegee. Hy onthou die gelukkige leerders en meneer Malan, wat die enigste onderwyser is wat langer as hy by die skool is (meneer Malan klop hom met ses maande). **Juffrou Muller** maak sedert Oktober 1996 die wêreld van wiskunde en fisika oop vir leerders by HSS. Sy onthou dat die personeelkamer, toe sy begin het, nog in mnr. Malan se klas was. Sy het op haar eerste dag langs die juffrou gesit wat tik as vak gegee het. Ja, dit was nog in die dae voor daar rekenaars in skole was! **Juffrou De Villiers** is ook al 29 jaar deel van ons skoolfamilie. Saam het hulle 92 jaar lank by HSS klasgegee.

Die *Stelloskoop* het gaan uitvind oor hul mooiste herinneringe en nuwe drome.






# Meneer "Mossie" 'n legende na 35 jaar!

*deur Karla Sandrock*

Na talle skaakwedstryde, robotika-kompetisies, "OOM-EK"-verduidelikings en 'n volle vyf en dertig jaar by die skool moet ons vanjaar met swaar harte die Hoërskool Stellenbosch (HSS) legende, meneer Mostert, groet. Die *Stelloskoop* het 'n onderhoud met meneer Mossie gevoer om by hom te hoor wat sy tyd by die skool vir hom beteken het.

***Wat was Meneer se eerste indruk van HSS?***
Die mense hier is ontspanne. Waar ek vandaan kom, was die skole byna militaristies, maar hier was almal onmiddellik so gemaklik in hul manier van doen.

***Wat is die belangrikste lewensles wat Meneer hier geleer het?***
Elke saak het twee kante, en in die lewe is daar omtrent nooit net een regte antwoord nie.



Foto: Jeffrey Morris

***Wat is Meneer se gunstelingdeel van HSS?***
In plaas daarvan om vas te klou aan die verlede is ons oop vir verandering, en dis besonders.

***Wat is Meneer se gunsteling-herinneringe van juffrou Muller en juffrou De Villiers?***
Ek en juffrou Muller het lekker graadkampe gehou. Verder sal ek al die kere onthou wat juffrou De Villiers my met die grootste glimlag gegroet het.

***Watter oomblik sou Meneer wou herleef?***
Ek sou graag die oomblik wat ek vir die eerste keer vir een van my klasse "Microbits" laat gebruik het, wou herleef om weer die vreugde op die kinders se gesigte te kan sien.

***Wat gaan Meneer die meeste mis van skoolgee?***
Ek gaan al die mense wat my elke dag in die gange gegroet het, mis.

***By wie het Meneer iets geleer by HSS?***
Daar is so baie mense by wie ek belangrike lesse geleer het. Meneer Malan het my geleer hoe om altyd positief te bly, meneer Pellissier het my gewys hoe om kalm te bly wanneer dit werklik nodig is, en van die leerders wat ek bevoorreg genoeg was om te onderrig, onder andere die robotika-span, het my gewys hoe om ware skeppingsvermoë te openbaar.




**Illustrasie deur Anli Oberholzer**

Die *Stelloskoop* wens vir Meneer alle sterkte toe met die volgende hoofstuk van Meneer se lewe. Die "Mossie"-naam is een wat vir altyd diep binne die skool se hart sal lê.



Foto: Verskaf

Meneer Mostert saam met sy dogter, juffrou Mostert, tydens sy afskeid.



Juffrou Muller staan in die laboratorium.

# Juffrou Muller verruil haar wit jas vir 'n reistas!

*deur Yadua Smit*

Na jare se proefbuise en wit jasse neem ons afskeid van die kosbare juffrou Muller. Haar passie vir wetenskap en geduld met elke leerder het 'n blywende indruk in ons harte gelaat. Die *Stelloskoop* het met haar gesels en meer ontdek oor die herinneringe van haar loopbaan.



**Illustrasie deur Wina Hoffmann**

***Hoeveel jare gee Juffrou al skool en wat onthou Juffrou van Juffrou se eerste jaar by Hoërskool Stellenbosch?***
Ek gee al vir amper 30 jaar skool. Ek het van Noord-Natal af hierheen getrek en dit was vir my 'n groot verandering, maar almal het my onmiddellik welkom laat voel.

***As Juffrou terugdink aan Juffrou se eerste dag as onderwyseres, wat sou Juffrou vir daardie weergawe van Juffrou sê?***
Ek is 'n introvert en onthou dat ek die nag voor die tyd skaars geslaap het. Ek sou vir myself sê om goed voor te berei, in te stap met entoesiasme en die inhoud mooi oor te dra.

***Watter deel van skoolgee gaan Juffrou die meeste mis?***
Definitief die mense – die leerders en die onderwysers. Ek moet sê, ek gaan my vak ook baie mis.

***Wat maak Juffrou só lief vir fisika?***
Fisika is baie meer visueel en prakties as chemie, wat dit ook vir my lekkerder maak om aan leerders te verduidelik!

**"As ek 'n chemiese reaksie was, sou ek beslis nie 'n ontploffing gewees het nie! Ek sou magnesium wees wat met 'n helder wit lig brand."**

***Wat is Juffrou se planne vir die toekoms?***
Eers wil ek saam met my man gaan kamp en toer, en dan wil ons vir ons kinders oorsee gaan besoek. Ek wil vir 'n jaar lekker rus en sal dalk later 'n aflospos oorweeg.

***Wat is Juffrou se gunsteling-herinnering saam met meneer Mostert en juffrou De Villiers?***
Ek en meneer Mostert was saam by Back2Basics vir 'n graadkamp waar ons verskriklik lekker gelag het – my maagspiere was nog nooit so seer nie! Saam met juffrou De Villiers is ek in 'n groepie van vier ander onderwyseresse en ons kom elke ses maande bymekaar vir 'n koffie – dit sal ek nooit vergeet nie.



Juffrou Muller saam met haar man en kleinkinders.

# Juffrou De Villiers gaan op 'n nuwe avontuur



Foto: Verskaf

*deur Kara Kruger*

Om juffrou De Villiers te ken is om haar lief te hê. Sy het 'n aansteeklike passie vir wiskunde en sy het soveel leerders se opinie daaroor vir altyd verander.

"Ek gaan dit mis om die mooi van wiskunde te wys en te deel met 'n klas. En natuurlik ook om my eie ervarings te deel!" vertel juffrou De Villiers. Hierdie aanhaling bewys hoe diep haar liefde vir haar beroep,



Foto: Verskaf

Juffrou De Villiers voltooi 'n Comrades-maraton!

haar leerders en die omgewing binne-in die klaskamer strek en wat dit alles vir haar beteken het.

Elke mens het iemand wat jou inspireer en by wie jy die meeste leer. Vir juffrou De Villiers was daar twee besonderse mentors op haar pad. "Nana Oosthuisen was wonderlik belese en berese en sy het ons altyd aangemoedig. Sy het belanggestel in alles wat ons doen - óf dit op die Comrades-pad was óf op pad om in Italië te gaan stap," vertel sy met waardering. Die tweede persoon wat sy noem, is Marina van Zyl, 'n kollega en vriendin met wie sy vir baie jare saam wiskunde kon gee. "Sy het my daaraan herinner dat wiskunde 'n dissipline is wat elkeen kan bemeester."

Waar kom haar vreugde vandaan? "Dit kom van binne! Uit 'n dankbare hart dat ek met groot vryheid wiskunde kon onderrig en geniet saam met dié wat elke dag hard gewerk het," verduidelik sy.




**Illustrasie deur Kristian Nauschutz**

## "Maak die meeste van al jou geleenthede. Min van ons kry tweede kanse - gryp dit aan as dit kom!"

Met groot dankbaarheid groet die *Stelloskoop* vir juffrou De Villiers en wens haar alles van die beste toe met die nuwe avontuur.

Haar nalatenskap van harde werk, passie en deursettingsvermoë sal vir ewig leerders bly inspireer.

# NOG ONNIES SÊ VAARWEL

*deur Daniël Schoonraad*




*Meneer Carpenter voor sy IGO-klaskamer.*

**Meneer Wayne Carpenter** verlaat Hoërskool Stellenbosch (HSS) aan die einde van 2025. Hy staan bekend as die onderwyser wat moeite doen om leerders te leer ken en moeite te doen met sy vakgebied.

Hy vertel dat hy die leerders van HSS baie gaan mis. Hulle is volwasse, sosiaal en respekteer hulle onderwysers, sê hy. Hy sal ook die omgewing mis: Die boomryke Uniepark en die uitsig oor die berge.

"My gunstelingherinneringe is definitief die geselsies wat ons in die IGO-klas aangeknoop het. Die hokkietoere saam met die eerste seunshokkiespanne oor die jare was ook vir my tops!" vertel hy.

Die *Stelloskoop* wens Meneer alle sukses toe by Hoërskool Durbanville.

**Juffrou Kesia Baartman** verruil in 2026 HSS vir die Hoër Meisieskool Paarl.

Sy waardeer die manier van dink en doen wat die leerders by HSS leer. "Dit is dinge wat veel verder as skool strek: Om krities te dink, om ander met respek te hanteer, om verantwoordelikheid te neem, en om altyd jou bydrae te lewer. Dit is 'n denkwyse wat ek saam met my gaan dra en ek glo dat dit dieselfde geval is vir elke leerder," verduidelik sy.

Haar kosbaarste herinneringe is die saam lag en saam huil met haar registerklas en om te kon sien hoe hulle groei in volwassenes. Die leerders gaan haar menswees en humor beslis mis.



*Juffrou Baartman glimlag dankbaar.*




*Juffrou Viljoen (middel) gesels heerlik!*

**Juffrou Marlize Viljoen** het baie planne vir haar toekoms. Sy maak aan die einde van die jaar klaar by HSS en beplan onder andere 'n besoek aan Japan. Sy gaan ook haar huis uitsorteer en die res is nog 'n geheim, volgens haar.

Sy gaan die praktiese klas met haar graad 10-klas Dinsdae-oggende die meeste mis. Haar wonderlike herinnering is van al die vriendelike personeel in die personeelkamer, al die mooi produkte wat die leerders gebak het en juf Krige en Portia!

Bly altyd so gasvry, juffrou Viljoen!

# ONNIES SE EIE HOËRSKOOLSTORIES

*deur Anna Retief*



**Illustrasie deur Johan Swanepoel**

**Juffrou Baard** het in haar matriekjaar dubbel SA's gekry - SA kleure vir Aksie Netbal en vir Netbal. En toe het sy ook sportvrou van die jaar gewen by die skool en by hulle sportsondersteunersklub se toekenningsaande. Sy was ook netbalspeler van die jaar," lag sy. "Die mense en die geleenthede, dit is wat hoërskool vir my regtig spesiaal en lekker gemaak het.

Dis seker hoekom ek weer terug is by die skool, want die mense en die geleenthede is nog steeds uniek, besonders en spesiaal," verduidelik sy.



*Juffrou Baard in haar Hoërskool Brackenfell skoolklere.*




*Meneer Uys (regs) as leerder van Hoërskool Swellendam.*

**Meneer Uys** vertel dat sy grootste herinnering sy familie is. Hulle was drie broers en 16 niggies en nefies tydens sy hoërskooljare. Sy een niggie en een neef was saam met hom op skool in Swellendam. Hulle het alles moontlik saam gedoen en dit was 'n fees. Hy is baie dankbaar vir hulle invloed tydens sy skooljare.

**Meneer Opperman** het baie stories oor sy hoërskoolloopbaan. Hy vertel: "Ek was in Hoërskool Porterville (HSP). Die skool was min of meer 150 meter van my huis af, so ek het baie naby aan die skool gebly en fiets skool toe gery. Ek hou baie van sport, en het omtrent aan al die sportsoorte deelgeneem, onder andere swem, krieket, gholf, muurbal en rugby. Verder het ek ook koor gesing. Ek was drie keer uitgeskop, maar elke keer weer teruggelaat in die koor.

Ek het drie keer aan Meneer en Mejuffrou HSP deelgeneem, en dit toe uiteindelik gewen. Ek het ook baie van my onderwysers gehou, en daar was 'n paar onderwysers wat 'n groot rol in my lewe gespeel het. Ons het net op Vrydae 'n snoepie gehad, waar ek graag pasteie gekoop het. Daar was ook net 51 kinders in my matriekklas, waarvan 14 wiskunde gehad het, waarvan ek een was, en nege rekeningkunde gehad het, waavan ek ook een was. Ek het in die einde van matriek 94% vir biologie gekry."



*Meneer Opperman speel rugby op hoërskool.*

# ONS EIE DOKTOR STAUDE!

## VAN DIE VERHOOG NA DIE BOEKE

***deur Jaylin Bronkhorst***

Oud-Stellie en geliefde drama-onderwyseres, of ek moet eerder sê doktor Staude, het pas haar PHD voltooi in Digitale Tegnologie Intergrasie in Performance Pedagogie aan die Universiteit Stellenbosch met baie min slaap, vasberadenheid en deursettingsvermoë. Haar navorsing het gewys hoe 'n mens sosiale media platforms en digitale tegnologie kan gebruik om dramatiese kunste van graad 10 tot 12 te versterk. "Ek voel dit is ons plig as opvoeders om die verantwoordelike gebruik (van sosiale media) vir leerders te leer," deel doktor Staude.

Haar belangstelling in dramatiese kunste was aangewakker van jongs af. Sy vertel hoe sy as kind haar ouer suster se optredes bygewoon het. Die bekende akteur en omroeper Hannes van Wyk, by wie sy klas gehad het in die hoërskool, het ook by haar 'n liefde vir toneel en drama gekweek. Sy het in haar graad 10 jaar by die groep aangesluit. "Ek was verskriklik erg in die optrede, maar dit was so lekker," vertel sy.

Indien jy verby doktor Staude se klas stap of haar groet in die gange, onthou gerus hierdie #maldramatannie is baie meer as net pienk en "glitter".




*Doktor Staude*

# Verlowing Verrassing!

Me. Trichardt vertel die storie van haar onlangse verlowing:

Die naweek van 8 tot 9 November het ons saam met vriende in die Matroosberg Natuurreservaat gaan kamp. Dit was 'n doodgewone kamp en ek het net mooi niks vermoed nie. Ons het selfs nog die Saterdagoggend ingery Ceres toe vir 'n "trail run". Later die agtermiddag was ons terug by die kamp; ek in my drafklere en my pantoffels, by die kampvuur. Ek was baie opgewonde oor die potjiekos wat ons daardie aand sou eet.




*Me. Trichardt en haar verloofde, Kevin Black.*

Kevin, die romantiese siel wat hy is, sê toe doodluiters dat ek op dáárdie dag, reeds twee jaar van my lewe aan hom gegee het. En hy vra toe: "Wat van die res van jou jare?" Ek dog eers hy maak 'n grap! Ek was heeltemal uit die veld geslaan en kon skaars 'n woord uitkry!

> Daar sit ek, in my pantoffels en hy vra my om te trou! Ek dog eers hy maak `n grap!

Nou ja, toe ek uiteindelik iets soos "ja, natuurlik" kon uitkry, skiet 'n vriendin 'n blinkertjiesbom bo-oor ons. Ek is seker daardie blinkertjies kon nie soveel skitter soos my oë óf die yslike groot, blink speelgoed ring nie. Ons is lief vir die natuur; daarom moes ons ongelukkig die volgende dag al die blinkertjies weer optel!

En sedert daardie dag, leef ek op 'n wolkie!



Foto: Hannah Griffioen



Foto: Louise du Toit




Foto: Louise du Toit





Foto's: Deon Jansen van Rensburg



Foto: Louise du Toit



Foto: Louise du Toit

# NEDERLANDSE SOKKIE



Foto: Kara Calitz



Foto's: Louise du Toit



Sosiaal

# MATRIEKAFSKEID 2025



# ROULETTE EN ROOI TAPYT

*deur Gemma Douries*

Foto: Smugmug



# DIE MATRIEKS DANS EN "DOBBEL" DIE NAG VERBY

Met glimlagte wat meer skyn as die diskoballe en voete wat jeuk om te dans het die matrieks opgewonde en met entoesiasme by die matriekafskeid opgedaag.

Die matrieks het in styl gearriveer met deftige karre en glinsterende rokke wat op die rooi tapyt sleep. Die graad 12's, sowel as die toeskouers, het gejuig met opgewondenheid oor die aankoms van elkeen van hulle mede-klasmaats.

Die tema van dié jaar se matriekafskeid was Casino en dit is perfek uitgebeeld. Vir die eerste keer in 'n baie lang tyd was die matriekafskeid by die skool gehou, en die pragtige versierde spliternuwe koshuis het dit nog meer spesiaal gemaak. Die "blackjack" tafels, "roulette" en die "poker"-stelle het die matrieks die ervaring gegee om te "dobbel" by 'n regte "casino". As dit nie vir die vervalste geld was nie, was elke matriekleerder óf 'n miljoenêr of dalk eerder diep in die skuld!

Bernardo Morkel, vanjaar se hoofseun, en juffrou Felton, die graadhoof, het toesprake gelewer. Nadat die heerlike hoofgereg bedien was deur die graad



Foto's: Smugmug

Danville Willemse geniet homself baie op die dansvloer!



Anja van Rooyen, Rumé Nel en Anuk Bredell.



Jana Kotze en Marinus Toerien.




Minya Visagie en Leonard Smit.



Julia Jordaan en haar metgesel.

11-kelners het die pret begin. Die dansvloer was vol vreugde, liefde en herinneringe wat nooit vergeet sal word nie.

Die matriekafskeid is nie net 'n aand van dans en foto's neem nie, maar dit was ook 'n feesviering van hoe ver die matrieks gekom het. Hierdie groep is geraak deur Covid-inperkings en die bouwerk by die skool. Dié aand was egter 'n skitterende hoogtepunt en die herinneringe sal vir ewig blywend wees.



Rieze Steyn en Hanno Janse van Rensburg.



Alexander, Inge en Johannes speel roulette.



Odelia Krige en Chris Hoffmann.



Alexander Bosman en Zuni Barnard.




Die matrieks sit aan vir 'n heerlike ete!



*Tamara Mey en Sean Bakker lag vrolik.*



*Leighton Carroll stap met selfvetroue.*



*Anri Malan en haar metgesel betower.*



*Ariane le Roux en Nathan Jooste arriveer in 'n Bentley.*



*Leonore Wessels lyk pragtig in haar rok.*



*Sophia Eksteen en haar metgesel lyk stylvol.*



*Kian Roberts en Lara Rohlandt.*



*Elreesha Fortuin is reg vir die aand!*




*Karla Sandrock en Daniël de Wet.*

# BOEREWORS, BROODROLLE EN BAIE TRANE

## Uitstapdag - Die eerste vir sommige en die laaste vir ander

***deur Theunis du Plessis***

Die oggend van die 17de Oktober was die saal vol gepak van voor tot agter met graad 8's tot graad 11's en natuurlik baie ouers – almal gretig om by dié bittersoet dag te kan wees. Almal was vol afwagting om die eregaste te sien: die matriekklas van 2025.

Die matrieks het hul sitplekke ingeneem en 'n hele paar "laastes" ervaar. Die laaste keer dat hulle die saal met "hulle" graad 8's deel, die laaste keer dat die HSS-koor vir hulle sing en die laaste keer dat hulle skouer aan skouer langs hulle mede-Stellies staan om die skoollied te sing. Die hoofleiers van 2025 – Sophia, Bernardo en Juwan – het ook afskeid geneem van hul graadgroep en die volgende grade geïnspireer met hulle puik toesprake.



Foto: Louise du Toit

*Joshua Lategan, Zoey-Ree Buys, Anouk Roeloffse en Jané Smit.*

Die hoofleiers het ook die simboliese titel van "matriek" aan 2026 se hoofleiers en hul graadgroep oorgegee.

Verder het elke Stellie van 2026 aangetree om die erewag te vorm om so hulde te bring en finaal totsiens te sê vir die matrieks. Die trane was volop!

Hierdie erewag het later op beweeg na Botmaskop toe waar die jaarlikse lentebraai gehou is. Die manneraad en damesraad het gesorg dat almal heerlik smul aan selfgebraaide boerewors en broodrolle en hulle dors te les met Bashew koeldranke.



**Illustrasie deur Juanita Lamprecht**


Foto: Jeffrey Morris

*Die hoofleiers van 2025 en hul graadhoof, juffrou Felton.*

Die sportkomitee het gehelp om almal besig te hou deur speletjies aan te bied en die kunste komitee het gesorg vir foto's!

Die dag was beslis 'n groot sukses, en 'n wonderlike manier om kwartaal vier vir sommige af te skop en vir ander, af te sluit.




*Elsa du Plessis, Anine Kleinschmidt, Kathleen Kellerman, Mary-Anne Basson, Jo-Mari Basson, Annika Turner en Elrika Nel.*



*Louise du Toit, Karla Sandrock, Harm Botha en Jean Kilian.*



*Caprivi de Beer, Amélie Fouché en Anduné Morkel.*



*Jana Terblanche, Anli Oberholzer en Lira Barnard.*




**Illustrasie deur Juanita Lamprecht**



*Daniël Kleinschmidt, Carlo Corbett en Cobus Langenhoven.*




*Clement Swartz, Nurudien Wyngaard, Kiara Cloete en Kiché Slade.*

# Die 101 van die atletiekseisoen

## Van Kleuresport tot SA's. Jou gids tot die atletiekseisoen.

*deur Anya Maree*

Die atletiekseisoen is weer op ons, maar hoe werk dit nou eintlik? Wanneer is Kleuresport, Interskole, Boland en SA's? Wat is ASA en SASA? Hoe kan jy deel word van die verskillende spanne en waar kan jy ondersteun? Dit is vrae wat baie Stellies gereeld vra, so die *Stelloskoop* het die ondersoek ingestel om antwoorde te kry!

Die jaar se atletiekseisoen begin met **Kleuresport** in die tweede week van skool, waar die top drie dogters en seuns vir elke item gekies word om die skool by **Interskole** te verteenwoordig. Interskole is in Februarie.

Die **Curro Podium** byeenkoms vind ook vroeg in die jaar plaas, waar skoolspanne van regoor Suid-Afrika teen mekaar deelneem om te kyk wie die beste is. Spanne moet wel daarvoor kwalifiseer by die Curro Noord of Curro Suid byeenkomste die vorige jaar.

Daarna vind die **Boland Sentraal** byeenkoms plaas. Almal kan daar deelneem vir die kans om deur te gaan na die Boland Kampioenskappe waar die beste drie atlete in elke item gekies word vir die **SASA-Bolandspan**. Dié atlete gaan neem deel by die Wes-Kaap Kampioenskappe om opgeneem te word in die Wes-Kaapspan en by die skole SA's deel te neem.

Jy kan ook gekies word om die **ASA-Bolandspan** by die klub SA's te verteenwoordig. Om vir hierdie span gekies te word, moet jy by 'n sekere hoeveelheid liga byeenkomste deelneem met 'n ASA-nommer en aan die minimum vereistes voldoen. Hulle kyk voor die SA's na al die liga byeenkomste se uitslae en kies daarvolgens die ASA-Bolandspan.

Waar kan jy ondersteun? Eintlik by enige byeenkoms. Gaan kyk net op die d6 vir die datums en waar dit is. Die aanlyn skoolkalender is ook 'n opsie.

Daar is groot opwinding in die lug oor die atletiekseisoen wat voorlê en noudat jy meer weet, kan jy dit saam geniet.



Foto: Jeffrey Morris

*Amber Nel hardloop voluit.*



Foto: Louise du Toit

*Anouk Roeloffse gee haar alles.*



Inge de Villiers is reg om die spies te gooi!



Foto's: Hano Krige

Stellies is gereed om die resies te wen!

# ‘n “Playlist” vir die vakansie

## Die top treffers waarna Stellies luister

*deur Kara Kruger*

Musiek is iets wat ons almal verbind - of jy nou in die bus is op pad huis toe, in die kunsklas sit en verf, of op die strand lê met jou oorfone in jou ore. Dit verwoord emosies, bou herinneringe en bring mense nader aan mekaar. Soos Hans Christian Andersen eens gesê het: “Where words fail, music speaks.” By Hoërskool Stellenbosch is dit geen uitsondering nie.

Met die vakansie om die draai het die *Stelloskoop* ’n peiling gedoen om vas te stel na watter musiek die Stellies luister. Die resultate het ’n duidelike beeld gegee van ons skool se uiteenlopende musieksmaak.

Daar is ook ’n verrassende groot aantal Afrikaanse liedjies genoem wat wys dat ons plaaslike musiek steeds ’n spesiale plek in Stellie-leerders se harte het. Die gunstelinggenre onder die leerders was egter by verre popmusiek, volgens 41% van Hoërskool Stellen-bosch-leerders wat aan die peiling deelgeneem het. Die gewildste musiekkunstenaar was Taylor Swift, wie se naam in een uit elke drie antwoorde voorgekom het.

### Partytjie “playlist”

**One Kiss – Calvin Harris, Dua Lipa**

**Sugarhigh – Coyote Shivers**

**everybody talks – Neon Trees**

**Sultans of Swing – Dire Straits**

### Top Treffers

**Pompeii – Bastille**

**With or Without You – U2**

**Summer of ‘69 – Bryan Adams**

**Gravity – John Mayer**

**Man in the Mirror – Michael Jackson**

**Something Just Like This - The Chainsmokers, Coldplay**

### Top “bands”

**Taylor Swift**

**Coldplay**

**Imagine Dragons**

**OneRepublic**

**Kaleo**

**Prime Circle**

**The Weekend**

### “Chill” liedjies

**Banana Pancakes – Jack Johnson**

**Moon River – Frank Ocean**

**Bonfire Heart – James Blunt**

**Gravity – John Mayer**

**Pompeii – Bastille**

### Top Afrikaans

**Toe Vind Ek Jou – Francois van Coke, Karen Zoid**

**Lenie Blou – Spoegwolf**

**Beste Dae – Twee**

**Halley se Komeet – Robbie Wessels**

### Trane-trekkers

**my tears ricochet – Taylor Swift**

**Iris - The Goo Goo Dolls**

**Let Down – Radiohead**

**Every Breath You Take – The Police**

### “PLAYLIST”

**Laai die Stellie-Playlist op Spotify af deur hierdie te “scan” met jou foon:**

# BESTE in die WESTE

## SES AKTIWITEITE VIR 'N ONVERGEETLIKE SOMER.

*deur Anduné Morkel*

### 1. BESOEK 'N TUIN



Raak rustig in die Universiteit Stellenbosch Botaniese Tuine (R15), die Jonkershoek Natuurreservaat (R50-R70), die Jan Marais Park (gratis) of die asemrowende Kirstenbosch Botaniese Tuin (R80).

**Wenk: Onthou gemaklike skoene en water.**

### 2. SWEM IN DIE SEE



Vir 'n spotgoedkoop dag van pret, besoek Kaapstad se wêreldbekende strande soos Boulders Beach, Clifton, en Bikini Beach of kry branderplanklesse by Sun Surf School in die Strand (vanaf R150).

**Wenk: Smeer gereeld sonroom!**

### 3. ONTSNAP MET VRIENDE



Nooi vyf vriende en toets julle logika by die Unlock Escape Rooms in die Eikestad Mall (R300 elk). Kies 'n avontuur in 'n wynkelder, 'n wildsplaas of 'n hospitaal. Julle het een uur om die raaisels te ontsyfer en te ontsnap.

**Wenk: Geduld en spanwerk.**

### 4. TERUG NA DIE VERLEDE

Besoek 'n museum, soos die Iziko South Africa Museum (R30) en die Kasteel de Goede Hoop (R25-R50) in Kaapstad of die Dorpsmuseum (R25-R55), of die Rupert Kuns Museum (gratis) in Stellenbosch.



**Wenk: Laat genoeg tyd vir deurloop.**

### 5. "ZIP-LINE" AVONTUUR

Pak dié avontuur aan by Acrobranch in Stellenbosch (vanaf R250), Cape Canopy Tour in Grabouw (R1250) of SA Forest Adventures in Caledon (R1800) - die langste "zipline" in Suid-Afrika.



**Wenk: Vroegoggend is dit koeler.**

### 6. EET HEERLIK

Bederf jouself by een van Stellenbosch se restaurante. Eet 'n Spurburger op 'n Maandag (R99) of 'n pizza op 'n Woensdag by Java Bistro (R85) en sluit die aand af met draairoomys by De Vrije Burger (R7,50).



**Wenk: Kyk uit vir aanbiedinge aanlyn!**

# STELLIE-TYDMASJIEN:

# DIE SKOOLLIED

*Navorsing deur Karla Sandrock*

Hy was 'n oud inspekteur van onderwys en het die woorde in 1978 geskryf.

*Op Republiekdag 31 Mei 1978 is die skoollied en die skoolwapen amptelik in gebruik geneem.

**JF Spies & H. Pieter van der Westhuizen**

Komponeer die musiek in 1977



= trots!

**Stellenbosch, 'n skone tuiste**
**en die luister van jou naam,**
**anker ons aan jou verlede,**
**bind ons tot 'n eenheid saam.**
**Fier en hoog net soos die eike**
**groei ons hier uit goeie grond,**
**met die oog gelowig Boontoe**
**toegerus en afgerond!**
**SEMPER ALTIOR,**
**ons leuse spoor ons**
**teen die opdraand aan!**
**Vastrap, Moedhou! Altyd hoër!**
**Tot ons op die bergspits staan!**


die akkerbome in Stellenbosch



letterlik en figuurlik

= altyd

Latyn vir "hoër"



Letterlik: Stellenbosch berge
Figuurlik: hoogtepunt wat jy bereik na harde werk in die skool

# STELLOSKOOP PRET!

*deur Anduné Morkel*

# WATTER WOORD PAS NIE?

1. Endler, Merriman, Victoria, Martinson, Jannasch,
2. Felton, Burger, Uys, Mostert, Human-Stofberg
3. Kilimanjaro, Cotopaxi, Simonsberg, El Capitan, Everest
4. Integriteit, Respek, Intelligensie, Inklusiwiteit, Voortreflikheid
5. Die Pro, Kringe in 'n Bos, Onderwêreld, ek was hier, Fiela se Kind

## Kan **JY** die **WOORDE** vind?

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| J | Y | R | N | S | K | G | I | S | D | M | I | Y | S |
| E | E | V | J | R | H | H | M | H | M | O | G | B | A |
| D | Y | A | Y | E | A | G | A | D | Z | S | R | S | L |
| N | Q | O | D | I | D | Q | J | N | T | S | U | E | T |
| U | S | U | U | R | W | N | M | A | O | I | B | A | I |
| K | E | H | T | C | K | K | K | B | H | E | N | Y | O |
| S | G | V | O | C | A | I | C | A | E | T | E | R | R |
| I | M | E | I | L | O | S | Q | V | I | T | Z | L | L |
| W | F | R | T | O | Y | N | I | Y | R | X | T | I | L |
| N | Q | S | R | D | C | D | M | N | U | C | E | L | K |
| B | X | K | W | B | U | L | V | X | O | L | O | D | O |
| L | I | Y | S | O | H | X | B | C | F | L | C | N | B |
| J | M | N | J | Y | Z | P | Z | H | Z | B | B | O | E |

1. Graad 11 graadhoof?
2. Nuutste koshuis?
3. Watter dier is ons skool se "mascot"?
4. Tegnologie-onderwyser (bynaam).
5. Vorige Stelloskoop-redakteur?
6. Klaskamer 311 is Juffrou?
7. Juffrou Oosthuizen se vak?
8. Matriekafskeid-tema?
9. Plek van 2025 atletiek-interskole?
10. HSS 2025-produksie?

## STELLIES SE BRABBELTAAL

### Hoe werk dit?

'n Woord word gegee en jy moet raai watter definisie pas by hierdie woord. Vandag se woord is:


## Woefkardoes

**A.** Mense wat baie onhandig of lomp is.
**B.** Verpakking vir oorblykos wat jy by 'n restaurant kry.
**C.** 'n Hond met baie energie.
**D.** Die Afrikaanse woord vir 'n "chew toy."
**E.** 'n Rugsak waarmee jy jou hondjie dra.
**F.** 'n Siek hond se blaf.

# KEN JOU LEIERS

## Pas die regte **FEITE** by die regte MR-LEDE.

Foto's: Fokus


**A**  Aj Joubert

**B**  Anine Kleinschimdt

**C**  Annika Turner

**D**  Anouk Roeloffse

**E**  Dimitri Erasmus

**F**  Hano Krige

**G**  Haydan-Reese Cornelius

**H**  Jaco Lombaard

**1** Ek het 'n Tsjeggiese ouma.

**2** Ek is gebore in Surrey, Engeland.

**3** Ek het kitaar gespeel vir ses jaar.

**4** Ek hou niks van tamatie of piesangs nie.

**5** Ek het al gebungee jump vanaf Bloukransbrug.

**6** My een oog kan nie op kyk nie, a.g.v. 'n rugbybesering.

**7** Ek het 'n krimpvarkie-agtige troeteldier, genaamd 'n Tenrec.

**8** Ek het al vier hoenders, drie hamsters, twee skilpaaie en een skaap gehad.

**9** Ek eet graag kondensmelk uit die blikkie.

**10** Ek kan kitaar speel.

**11** Ek het al goud vir SA stoei gekry (in die laerskool).

**12** Ek het al 'The sound of music' 11 keer gekyk.

**13** Ek het al meer as 50 "stamps" in my paspoort.

**14** Ek huil in elke "romcom"-fliek wat ek kyk.

**15** Ek het in Nederland gebly en kan nog die taal praat.

**I**  Jo-Mari Basson

**J**  Joshua Lategan

**K**  Joubert Slabber

**L**  Kayli Janse van Rensburg

**M**  Mary-Anne Basson

**N**  Nina Kruger

**O**  Theunis du Plessis

### ANTWOORDE:

**Wat pas nie:**
1. Victoria
2. Uys
3. Simonsberg
4. Intelligensie
5. Fiela se kind

**Brabbeltaal:**
B

**MR-feite:**
A - 6
B - 5
C - 13
D - 11
E - 9
F - 1
G - 3
H - 15
I - 12
J - 10
K - 4
L - 2
M - 8
N - 14
O - 7

# NUWE JAAR NUWE DROME EN 'N NUWE 2026

*deur Carla Pretorius*

Vars energie en 'n visie vir verandering is waarna ons 2026 MR-komitees streef. Van verbeterde samewerking tussen leerders tot nuwe projekte en aktiwiteite – hierdie span is gereed om 'n merkwaardige verskil te maak:

## DAMESRAAD




"Ons wil 'n veilige, inklusiewe en welkom omgewing skep waar elke meisie kan groei in hul eie manier en tussen mekaar kan blom," sê Nina Kruger, hoofmeisie van die koshuis vir 2026. Respek tussen die meisies, vir mekaar en vir hulself, vertel sy, is vir hulle vreeslik belangrik en hulle wil die meisies aanspoor om die geleenthede by te woon wat hulle die komende jaar gaan reël. Die damestee wat elke jaar vir die meisies gehou word, is volgens dié komitee se MR beslis iets om voor uit te sien.

**Komiteelede:**
**Kayli Janse van Rensburg** (hoofmeisie 2026)
**Nina Kruger** (koshuishoofmeisie 2026)
**Taylor Hayward**
**Matilda Maritz**
**Grace Samuels**
**Lana Visser**
**Jané Smit**
**Zoey-Ree Buys**
**Christi Schonken**
**Isabella Fusch**
**Mia Smith**
**Jaylin Bronkhorst**

## MANNERAAD

Joubert Slabber, Hoofseun van die koshuis vir 2026 sê dat die Manneraad deur respek, samehorigheid en goeie waardes 'n voorbeeld wil skep wat 'n sterk band onder die seuns sal vorm. "Ons het die komitee kleiner gemaak om dit meer inklusief te laat voel. Die leerders wat ons gekies het om die Manneraad te verteenwoordig lewer almal hulle eie tipe bydrae tot die skool," vertel hy. Karwas is wat Joubert te sê oor iets waarvoor die leerders kan uitsien.

**Komiteelede:**
**AJ Joubert** (hoofseun 2026)
**Joubert Slabber** (koshuishoofseun 2026)
**Jayden van Wyk**
**Christiaan de Villiers**
**Ben Venter**
**AJ Kokott**
**Jan Breedt**
**Basti Bredell**
**Sebastian Diezel**
**Keanu Ratz**



# SPORTKOMITEE



"In 2026 wil ons, as die Sportkomitee, skoolsport-deelname bevorder, die Stellie-gees opbou en erkenning gee aan ons sportpersone vir hul prestasies," sê Haydan-Reese Cornelius.
Sy vertel dat die leerders kan uitsien na kleiner, maar opwindende geleenthede en 'n bietjie vriendelike kompetisie! Hulle gaan ook met behulp van sosiale media 'n gesonde, kompeterende gees aanwakker en vir leerders meer blootstelling aan ons verskillende sportsoorte gee.

**Komiteelede:**
**Jaco Lombaard** (MR)
**Haydan-Reese Cornelius** (MR)
**Kathleen Kellerman**
**Jayden Visser**
**Carla Pretorius**
**Kim Cloete**
**Misha Bredell**
**Zaun Martinus**
**Bea de Villiers**
**Mieke van der Merwe**
**Jayden Jacobs**

# SOSIALE KOMITEE

Joshua Lategan van die Sosiale komitee sê dat 2026 beslis 'n jaar gaan wees waar hulle daarna streef om die skool se grade meer te meng. "Ons gaan probeer om meer geleenthede soos sokkies te hou omdat ons weet dat daar 'n groot aanvraag onder die leerders is." Hulle vertel ook dat hulle die pryse van dinge soos dinees wil verlaag en meer geleenthede wat die hele skool betrek aan te bied.

**Komiteelede:**
**Joshua Lategan** (MR)
**Mary-Anne Basson** (MR)
**Zara Fourie**
**Nurudien Wyngaard**
**Lila du Plessis**
**Bekker Strydom**
**Riël le Roux**
**Schalk Groenewald**
**Hugo de Villiers**
**Daniël Kleinschmidt**
**Kara Kruger**
**Caprivi de Beer**
**Anina Viljoen**



# GEMEENSKAPSKOMITEE



"Ons wil graag nie net die skool as 'n geheel met mekaar bind nie, maar ook die gemeenskap," vertel Dimitri Erasmus. "Ons hoop om definitief weer 'n colour run te doen omdat dit verlede jaar so 'n groot sukses was en ons geleenthede op sosiale media te bemark." Hy sê dat dit definitief 'n jaar is om voor uit te sien met vele projekte en waar respek vir die gemeenskap bevorder gaan word!

**Komiteelede:**
**Dimitri Erasmus** (MR)
**Anouk Roeloffse** (MR)
**Elsa du Plessis**
**Gemma Douries**
**Daniella Smit**
**Lienka Engelbrecht**
**Emma Kane**
**Jamie Anthony**
**Milan Kapp**
**Kevin Loumouamou**
**Nicolette de Vos**

# KUNSTE KOMITEE

Volgens Annika en Hano gaan hulle die jaar wat kom definitief leerders met die kunste betrek, veral die wat dalk nog nie hul kreatiewe kant ontdek het nie. "Ons wil hê dat elke leerder 'n plek in die kunste moet vind, of dit nou deur toneel, visuele kuns, musiek, dans of kreatiewe skryf is," sê Annika. Hulle vertel ook dat die leerders na 'n groot verskeidenheid kunsvorme kan uitsien die komende jaar tesame met KWEEK wat altyd 'n jaarlikse hoogtepunt is.

**Komiteelede:**
**Hano Krige** (MR)
**Annika Turner** (MR)
**Jean Kilian**
**Louise du Toit**
**Juanita Lamprecht**
**Anina Reyneke**
**Nadja Eksteen**
**Anli Oberholzer**
**Daniël Schoonraad**
**Dianei Bekker**
**Annie Schultze**
**Lilian van Wyk**
**Amélie Fouché**



# STELLIECORE



Jo-Mari Basson vertel dat hulle nuwe komitee steeds 'n skakel tussen skole is, maar ook die waardes van die skool wil versterk. "Soos wat ons skool se leuse sê 'Semper Altior', altyd hoër, wil ons hoër mik en dinge net verbeter vir die beste," vertel sy. Daar is verseker ook dinge waarna die leerders kan uitsien soos vele rye-verrassings en hulle wil ook die leerders bewys dat hulle sal uitmis wanneer hulle die geleenthede wat hulle gaan aanbied, misloop!

***Komiteelede:***
**Jo-Mari Basson** (MR)
**Anine Kleinschmidt** (MR)
**Elsje van Schalkwyk**
**Charl Engelbrecht**
**Daniël Knoetze**
**Dawie Boshoff**
**Isabella de Beer**
**Kara Calitz**
**Jeffrey Morris**
**Mia du Plessis**
**Jean Goussard**




# ADVERTENSIE-SPASIE

Indien u 'n advertensie wil plaas, kontak asb. vir me Wildene Felton: wildene.felton@stellies.com.

Die kostes vir advertensies in die *Stelloskoop* beloop soos volg:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Volblad | - | (270 h x 190 w) | - | R1500 (kleur) |
| Halfblad | - | (125 h x 190 w) | - | R750 (kleur) |
| ¼ blad | - | (125 h x 92 w) | - | R350 (kleur) |
| ⅛ blad | - | (60 h x 92 w) | - | R250 (kleur) |

# ‘n Naam wat steeds skitter!

## TATUM FERRIER

*deur Anna Retief*

Die *Stelloskoop* het die voorreg gehad om met oud-leerder en 2024 toppresteerder, Tatum Ferrier, ‘n onderhoud te voer. Sy was ook tydens haar skooljare ’n redaksielid van die *Stelloskoop.*

***Wat doen jy nou?***
Ek studeer BRek aan die Universiteit Stellenbosch. Ek hou baie daarvan om met syfers te werk juis omdat jy met soveel verskillende scenario’s te doen kry wat baie geduld by jou kweek.

***Hoe het jy besluit wat om te studeer?***
My inspirasie om BRek te studeer kom vanaf verskeie mense en omstandighede. Hoërskool Stellenbosch het in graad 9 vir ons die geleentheid aangebied om vir Moore Ouditeure te besoek.

Ek was ook bevoorreg om deel te wees van die MOI-beurs en dit het vir my baie geleenthede bied om by verskillende ouditeursfirmas te werkskadu.


Foto: Verskaf

*Tatum Ferrier staan trots.*


Foto: Fokus

*Tatum Ferrier met haar trofee!*

***Wat doen jy in jou vrye tyd?***
In my vrye tyd lees ek, ek bak, ek plant en ek spandeer tyd saam met my vriende en familie. Ek skryf ook artikels vir my koshuis se tydskrif en ek het hierdie jaar myself uitgedaag om redigering ook te doen.

***Wie inspireer jou?***
My ma se gunstelinggesegde is dat jy nie bang moet wees om te misluk nie, want al val ‘n mens in die lewe, gaan dit nooit oor hoe jy geval het nie, maar hoe jy gaan opstaan en weer probeer. Sy inspireer my elke dag om daarna te strewe om vir die mense om my met liefde te behandel en sy motiveer my om my drome na te jaag met my hele hart.

> Ek glo dat die Here ’n plan vir my het in hierdie beroep soos daar in Jeremia 29:11 staan.

***Wat is jou advies?***
Al voel jy nie in die oomblik lus om hard te werk nie, glo ek dat dit juis dan is wat jy móét werk.

***Ons is baie trots op Tatum en sien uit om te sien hoe sy verder presteer en uitblink!***

# 1,2, TOP 10!

## WYSHEDE VAN ONS TOPPRESTEERDERS

Foto's: Fokus

***deur Karla Sandrock***

Kry die toetsreekse en eksamens jou ook onder? Jy is verseker nie alleen nie! Die *Stelloskoop* het met die toppresteerder in elke senior graad, sowel as Steyn van der Watt, die graad 12-leerder met die grootste akademiese verbetering deur die loop van sy skoolloopbaan, gaan gesels om te probeer uitvind hoe hulle dit regkry om so uit te blink - en hoe jy ook daar kan uitkom! Ons toppresteerders is Marinus Toerien (graad 12), Theunis du Plessis (graad 11) en Riané Louw (graad 10).

Aanhouer wen. Maak nie saak hoe sleg jou toetse gaan of hoe baie werk jy moet leer nie, solank jy aangaan, is jy oukei. Ek begin gewoonlik die jaar sterk en probeer dan my bes om daar te bly.

My raad aan Stellies is, doen jou bes om jou werk werklik te verstaan.



*Riané Louw*

My tale is verseker my swakpunt en soms is ek eenvoudig glad nie gemotiveerd om te leer nie!

Ek probeer egter net onthou hoe lekker dit sal wees om my skoolloopbaan op 'n hoë noot te eindig.




*Marinus Toerien*

My raad aan my mede-Stellies is in plaas daarvan om die werk bloot te memoriseer, luister en fokus in die klas. Ek probeer my bes om altyd eerste al die werk te verstaan!

Ek lees oor en oor deur die werk totdat ek dit presies vir myself kan opsê.
My grootste struikelblok met akademie is definitief spanning. Maar ek bly gemotiveerd deur altyd my beste te wil doen.

As ek vir ander Stellies een leerwenk kon gee, sou dit wees - Aanhouer wen!

Maak nie saak hoe sleg jou toetse gaan of hoe baie werk jy moet leer nie, solank jy aangaan, is jy oukei.



*Theunis du Plessis*

My grootste struikelblok is dat ek dinge tot 'n paar dae voor die tyd los voor ek dit doen. Dit help my om net op te daag vir buitemuurse aktiwiteite en sodoende dissipline te bou, want dissipline is eintlik baie belangriker as motivering.

Mense onderskat hoe belangrik dit is om in die klas op te let, en dit is die hoofmanier hoe ek my punte verbeter het. Verder werk ek maar net ou vraestelle uit, wat baie nuttig is as jy nie weet waar om te begin nie!


Foto: Fokus

*Steyn van der Watt*

Moet nooit jouself ooreis nie. As jy voel jy kan glad nie op 'n sekere oomblik dit binne jouself vind om voor jou boeke te gaan sit nie, vat eerder tyd vir jouself. Dis baie gesonder as om jouself te forseer om iets te doen wat jy nie eintlik wil nie.

PROMOTIONAL SUPPLIES
016 976 4200
CORPORATE CLOTHING
www.ebenhaesergroup.co.za
EBENHAESER
Group South Africa
LEVEL 2 B-BBEEE CONTRIBUTOR
clothing | branding | promotions
SUBLIMATED SPORTSWEAR, GAZEBO'S, BANNERS AND MORE

Foto's: Fokus



# PRYSUITDELING 2025

## TOEWYDING EN PRESTASIES WORD VEREER



*Marinus Toerien, matriektop-presteerder, ontvang pryse.*

***deur Jaylin Bronkhorst***

Na maande se bloed, sweet en trane was dit uiteindelik tyd vir Stellies om erkenning te kry vir hul harde werk op die sportveld, in kultuur en akademie.

By die prysuitdeling van 22 Oktober is verskillende leerders vereer: Die eerste gedeelte het begin waar al die Stellies wat provinsiaal, nasionaal en internasionaal deelgeneem het, erekleure verwerf het.

Daar is ook StelElite-toekennings toegeken aan die leerders wat dwarsdeur die jaar die hoogste betrokkenheid getoon het.

Die aand van glans en goud het ook die akademiese uitblinkers vereer wat finaal erkenning gekry het vir hul deursettingsvermoë en uitstekende prestasies op akademiese gebied.

Die Stellies het dit duidelik gemaak dat, ongeag of hulle lief is vir sport, akademie of kultuur – wanneer hulle hard werk, bly hulle elite.

Baie geluk, Stellies!



Foto's: Fokus

*Ivanna Skinner ontvang die MR-2010-toekenning.*



*Die Stellies in elke graad wat StelEilte ontvang vir die meeste deelname deur die jaar. V.l.n.r. Nika Bell (gr. 8), Anduné Morkel (gr. 9), Daniël Schoonraad (gr. 10), Daniël de Wet (gr. 12), Karla Sandrock en Hano Krige (gr. 11).*

# GOUD VIR DIE WENNERS VAN DIE JSE-BELEGGINGSUITDAGING!

*deur Yadua Smit*

Wanneer ander hul sakgeld blaas, maak hierdie manne planne om dit te verdubbel! Ruben Buys, Hanno Janse van Rensburg, Rouhan Venter en Joshua le Roux, het aan die 2025 Johannesburg Effektebeurs (JSE) Beleggingsuitdaging deelgeneem en is uit 66 000 leerders as die nasionale wenners bekroon in hul kategorie. Die *Stelloskoop* het met hulle gesels oor hul ervaring en om moontlik 'n bietjie (nou nog gratis) beleggingsadvies te kry.

Hulle inspirasie het van die donker komedie en drama, "The Wolf of Wall Street" gekom. Die adrenalien van die finansiële markte het 'n besliste indruk gelos.

Die uitdaging het behels dat hulle 'n fiktiewe beleggingsportefeulje van R1 miljoen moes bestuur, aandele koop en verkoop, en strategiese besluite neem om die hoogste opbrengs te behaal. Alle transaksies het die werklike mark gesimuleer.

Daar was tye waar hulle wou opgee, veral as hulle markfoute gemaak het, maar hulle het aangehou en besef dat foute deel is van leer.

Hierdie ingesteldheid tesame met goeie kommunikasie, vinnige analise en dissipline het vir hulle die kompeterende voordeel gegee.

Die adrenalien van die markbewegings en die gedeelde ervaring met vriende het hierdie 'n reuse-avontuur vir hulle gemaak.

Almal stem saam dat hulle ongelooflik baie geleer het en dat hierdie waardevolle lesse baie vir hulle kan beteken in die toekoms.


Foto: Fokus

*Hanno, Joshua, Rouhan en Ruben word vereer by die prysuitdeling.*


Foto: Louise du Toit

*Die span bespreek hul strategie.*

# KULTUUR IN DIE KOLLIG

## STELLIES SE KULTUURPRESTASIES VAN KWARTAAL 4

*deur Anduné Morkel*

As daar een ding is waarmee Hoërskool Stellenbosch nooit teleurstel nie, is dit kultuur. Verskeie leerders het hierdie afgelope kwartaal skitterend presteer in musiek, toneel, kuns en olimpiades en die skool se naam hooggehou.



Die **koor** het 'n merkwaardige prestasie behaal deur die Huisgenoot Eisteddfod te wen! Hulle wys keer op keer hul talent. 'n Baie groot dankie aan meneer Jared Hanekom vir sy moeite en passie!



Foto: Fokus

Op akademiese gebied het **Luc du Toit** geskiedenis gemaak deur eerste plek te behaal in die Netwerk24-wiskundekompetisie in die graad 11 – 12-kategorie! Hy is aangewys as nasionale wenner en het R18 000 gewen, asook R5 000 as provinsiale wenner.

By die Filmit-kompetisie het **Anria Mason, Joshua Heinemann en Ruben Sander** geskitter met hul filmprojek. Hulle is bekroon in die volgende vyf kategorieë: Beste aktrise, Beste oorspronklike musiek, Beste film, Beste kinematografie en Beste spesiale effekte.





Foto's: Verskaf

By die PJ Olivier Kunsspore Straatkunskompetisie, het verskeie van ons leerders met hul kreatiwiteit uitgeblink: **Klara Floor** is aangewys as die Instagram-wenner met 'n indrukwekkende 1013 stemme. **Wina Hoffmann** is aangewys as onderwysersgunsteling. **Emily Sonnekus** het die fotograafprys ontvang vir haar werk.



**Leonore Wessels** het in die Poortskryfkompetisie tiende plek landswyd behaal in die poësie-afdeling met haar pragtige gedig, Voëltjie van verlange.

**Karla van Zyl** het ook by die Huisgenoot Eisteddfod deelgeneem en die Afrikaanse poësie-afdeling vir graad 8 – 10 gewen met haar uitstekende voordrag.



Foto: Fokus




Foto's: Verskaf

**Liesje Otto** (middel) het by Show Your Talent indrukwekkende skoonskip gemaak en weggestap met nie minder nie as sewe top toekennings vir haar sang. Sy gaan ook in 2026 as deel van die SA-span deelneem aan die Talent America Internasionale Kampioenskap in New York! Dit is werklik 'n merkwaardige prestasie.

By die ATKV Afrikaanse Olimpiade het **Anduné Morkel** sesde in die Wes-Kaap en tiende landswyd geëindig, **Karla Van Zyl** agtste in die Wes-Kaap en 12de landswyd en **Alyssa van Rooyen** neënde in die Wes-Kaap en 13de landswyd in die juniorafdeling.

In die seniorafdeling is **Theunis du Plessis** sesde in die Wes-Kaap en 12de landswyd, terwyl **Riané Louw, Jeffrey Morris** en **Bernardo Morkel** almal agtste in die Wes-Kaap en 14de landswyd geëindig het. Welgedaan!



**Welgedaan aan al die Stellies wat hierdie kwartaal in die kunste presteer het!**




**Nicolaas Steenkamp** (graad 10) het aan vanjaar se Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes deelgeneem.

"Die Expo is iets waaraan ek al lankal wou deelneem, maar ek het nog nooit voorheen 'n goeie projek gehad nie," sê hy.

Nicolaas het met sy projek, wat onder die Rekenaar Wetenskappe kategorie val, 'n basiese kunsmatige intelligensie ontwerp en daarmee in Boksburg, Johannesburg, gaan deelneem.

Hy het uitstekend in die kompetisie gevaar en 'n silwer in sy kategorie verower!


Foto's: Ané Slabber

*Brink Botha tokkel die kitaar.*



*Anouk Roeloffse sing pragtig!*

# Middaguur-konsert



*Madelein du Plessis is gefokus.*



*Louise du Toit, Harm Botha en Karla Sandrock sing saam.*



*Dianei Bekker geniet haarself baie!*




*Erin Newman betower die gehoor met haar klavierspel.*



*Stephen Kotzé speel saksofoon.*

# Sportprysuitdeling 2025

## 'N AAND VAN TROTS, VIERINGE EN ERKENNING

***deur Anya Maree***

Hoërskool Stellenbosch (HSS) se sportprysuitdeling het hierdie jaar op Dinsdag, 14 Oktober in die skoolsaal plaasgevind. Dit is 'n opwindende aand waar leerders se sportprestasies deur die jaar gevier is.

James Tedder, 'n professionele rugbyspeler en besigheidseienaar, het die aand afgeskop as die gasspreker. Hy het elke leerder geïnspireer en aangemoedig om hard te werk om hulle drome te bereik.

Verskeie toekennings is daarna uitgedeel, onder andere "beste junior doel" aan Mieke van der Merwe, "beste senior hokkieseun" aan Joubert Slabber en "cheerleader van die jaar" aan Odelia Krige. Daar was wel een toekenning wat bo die res uitgestaan het - die "beste senior dogter veldatleet" toekenning wat deur Ansumé de Beer en Mila Ueckermann gedeel is, vir hulle eerste plekke (goue medaljes) by die Afrika Kampioenskappe.

Aan die einde van die aand het die hoogtepunt van die sportprysuitdeling uiteindelik aangebreek: Die aankondiging van die span van die jaar. Baie geluk aan die o. 19 A-dogtershokkiespan, wat ons skool se naam altyd hooghou en kliphard werk om te kom waar hulle is.

Die sportprysuitdeling gee met trots erkenning aan die harde werk en talent van HSS-leerders en ons sien uit daarna om te sien wat vir die skool se sport in 2026 voorlê.




*Die o. 19 A-dogtershokkiespan met hul trofee vir span van die jaar.*



*Keeanu Cupido word vereer.*



*Die rasieleiers is trots.*



*Ben Venter is die mees belowende hokkiespeler.*



*Anya Maree gekroon as die beste senior netbalspeler.*



*Clement Swartz is die beste o. 16 agterspeler in rugby.*



*Zaun Marthinus is die beste senior seun in velditems.*



*Ansumé de Beer en Mila Ueckermann kry erkenning vir hul sportprestasies.*




# STELLIES BLINK UIT IN DIE BUITELAND

*deur Carla Pretorius*

**Van ons eie skoolbanke tot die wêreld-verhoog – ons leerlinge het die wêreld gewys waar-toe die jong Stellies in staat is!**

**Misha Bredell** (graad 10) het die geleentheid gehad om aan die Egipte Junior Internasionale **Pluimbaltoernooi** deel te neem. Na 'n lang reis tot in Egipte en 'n paar verlore tasse, het Misha en sy dubbelsmaat algeheel derde in die toernooi geëindig nadat hulle met geleende rakette en klere moes deelneem. "Daar is baie opofferinge wat jy moet maak wanneer jy op 'n hoër vlak sport wil doen, maar om hierdie toer-nooie te kon speel beteken vir my regtig baie," sê hy.




*Misha Bredell speel pluimbal.*




*Liam Hendrickse baie staan trots met die landsvlag.*

**Liam Hendrickse** (graad 12) het in die Oktobervakansie aan die Belgotex **Hokkie** Nederlandse Toer deel-geneem en waardevolle blootstelling gekry.

Hy het hierdie be-sonderse geleentheid verdien nadat hy tydens die "Belgotex Easter Hockey Tournament," asook die CO-ED toer-nooi in April, nie net uit-stekend gespeel het nie, maar ook twee "Man of the Match"-toekennings ontvang het.

Liam het deelgevorm van die Goue-span, waar hy sy beste ge-lewer het.

Met sy deursettingsver-moë het hy Suid-Afrika en die Stelliesnaam hooggehou op die inter-nasionale verhoog!

# Japan




*Henlu van Zyl is baie trots op sy prestasie om vir ons land derde plek te verower.*

**Henlu van Zyl** (graad 9) het in Chiba, Japan, aan die Goju-Kai **Karate** Wêreldtoernooi deelgeneem. "Karate is 'n gevegsport wat baie krag, tegniek, fokus en spoed verg en ek het myself doodeenvoudig geleer om gefokus te bly," sê Henlu. Hy vertel dat hy aan die begin van die toernooi nog sy voete probeer vind het, maar na harde werk en ondersteuning van sy familie en vriende, het Henlu 'n algehele derde plek in die toernooi behaal!

# Namibië



*Leané van den Berg geniet haarself baie!*

**Leané van den Berg** (graad 9) is beslis die persoon om te vra as jy ooit iets wil weet oor "Off-Road **Motorsport**". Leané het die afgelope ruk Suid-Afrika verteenwoordig by die "Desert 300 Off-Road Motorsport" resies in **Oranjemund, Namibië** en het 'n uitstekende derde plek in die junior meisie-klas behaal.

# Egipte



Foto's: Verskaf

*Dené van Zyl speel muurbal.*

**Dené van Zyl** (graad 12) het onlangs aan die Wêreld **Muurbal** Junior Kampioenskappe in Kairo, Egipte deelgeneem waar sy as deel van die Suid-Afrikaanse meisiespan die Top 10 behaal het.

"'n Groot les wat ek die afgelope jaar geleer het, is dat sport deel vorm van wie ek is, maar nie my identiteit bepaal nie. Ek herinner myself gereeld daaraan dat dit 'n ongelooflike voorreg is om sport as so 'n groot deel van my lewe te kan hê," sê Dené.

Dit was haar derde muurbalkampioenskap en sy vertel dat sy hierdie "once in a lifetime experience" saam met haar niggie, wat ook muurbal speel, kon beleef. Baie geluk, Dené!



Foto: Juffrou Viljoen

# Die swemspan is reg vir aksie!

*deur Anya Maree*

Hoërskool Stellenbosch se swemspan is weer aan die gang na omtrent twee jaar sonder oefening. Die swemspan het op **23 Oktober** aan hul eerste gala by Bridge House deelgeneem, waar hulle teen skole soos Rhenish Girls' High School, Bloemhof Hoër Meisieskool, Paul Roos Gimnasium en Hoër Meisieskool La Rochelle geswem het.

Hulle het op **30 Oktober** aan hul tweede gala by Rhenish Girls' High School deelgeneem en baie goed gevaar deur twee derde plekke, 'n tweede plek en 'n eerste plek te verower teen skole soos HTS Drostdy en Hoërskool Swartland. Baie geluk aan die swemspan!

# Wat 'n begin vir die krieketseisoen!

*deur Anya Maree*

Dit is weer kwartaal vier en die tyd vir krieket. Die seisoen begin op 'n hoë noot met 'n paar goeie wenne vir al die spanne.

Die o.14 seuns het op die 30ste November teen Hoërskool Vishoek gespeel. Hulle het 120 lopies aangeteken in hul beurt en Hoërskool Vishoek beperk tot slegs 91 lopies; daarom wen Hoërskool Stellenbosch die wedstryd met 29 lopies.

Op 15 November het die o.15-span teen Hoërskool Labori gespeel en met 'n ongelooflike 180 lopies gewen.

Die o.19 seuns het op 25 November teen Bridge House gespeel en in hul 50 beurte tot slegs 80 lopies beperk. Hoërskool Stellenbosch het die lopies in agt beurte afgeslaan en die wedstryd gewen sonder om een paaltjie te verloor.

Die dogterspan het ook hul eerste wedstryd van die seisoen agter die rug met 'n uitstekende telling van 92 teen Hoërskool Kylemore. Hoërskool Kylemore teken 55 aan. HSS wen dus die wedstryd met 37 lopies.

Welgedaan aan elke speler en sterkte vir die seisoen wat voorlê.



Foto: Liandri Lensley

*Goeie kolfwerk!*



Foto: Tannie Eileen

*Die eerstespan staan reg.*

# HSS SE TENNIS SLAAN NOOIT MIS NIE!

*deur Theunis du Plessis*




*Die tennisspan by die Bredasdorp o.16-toernooi.*

Ons HSS-tennisspelers het 2025 sterk afgesluit met hulle getroue deelname aan al die tennis bedrywighede. Hulle deelname aan toernooie is soos volg:

Die **Maretha Burger-tennistoernooi** van die 26ste en 27ste September waar die top 10 skole van die omgewing deelgeneem het.

Daar is ook 'n Vrydagmiddag aan 'n **"Pizza en Padel"** aandkompetisie deelgeneem.

Die **Boland Landbou-tennisfees** is deur HSS se o.15 seuns aangedurf op die 17de en 18de Oktober waar hulle die tiende posisie behaal het.

Een van die jaar se tennishoogtepunte is die **Harcourts Bredasdorp** o.16-toernooi van die 24ste tot 25ste Oktober waar HSS baie goed gevaar het en 'n tweede plek in die Plaatafdeling behaal het.

Ons is baie trots op ons tennisspelers wat bewys dat uitnemendheid dwarsdeur die jaar gehandhaaf word.

# HOKKIE BOMBSQUAD IS DIE "BOMB"




*deur Theunis du Plessis*

Die Dogtershokkie Bombsquad (die eerstespan-oefengroep) het met hulle puik deelname aan die Bombsquad toernooi wat deur DF Malan aangebied is op 12,19 en 26 Oktober bewys dat hokkie nie net 'n wintersport is nie.

**Lila du Plessis , Bea de Villiers, Kathleen Kellerman en Nina Kotze** is in verskillende wedstryde as spelers van die wedstryd aangewys.

Kaptein Jo-Mari Basson sê: "Dit was 'n baie lekker ervaring om die nuwe spelers te leer ken en saam as 'n span te speel.

Van die eerste wedstryd tot die laaste kon ons baie verbetering sien en ons is baie gelukkig met ons uitslae."

# Top resultate vir ons atletiek

*deur Jaylin Bronkhorst*

Hierdie winter-atletiekseisoen was volop gewees met byeenkomste soos die Swellendam aflosbyeenkoms, FHS/UWC - top 15, Kwagga top 10 en die Curro Podium Suideliker Kwalifiseerder waar daar uitstekende uitslae behaal is.
Die uitslae is soos volg:

**Swellendam Aflosbyeenkoms:**
**4×100m dogter-aflosspanne:**
o.14, o.15 en o.17 eerste plek
**Sweedse aflos dogters:**
o.14 nuwe rekord
o.15 en o.17 eerste plek
**4×100m seuns-aflosspanne:**
o.14 en o.15 eerste plek
o.17 tweede plek
**Sweedse aflos seuns:**
o.14 nuwe rekord
o.15 en o.17 eerste plek

**FHS/UWC - Top 15:**
**Dogters A-span:**
tweede plek
**Mila Ueckermann:**
beste veldatleet (dogters) van die byeenkoms
**Seuns A-span:**
eerste plek



Foto's: Verskaf

*Mila Ueckermann verower goud by die Kwagga Top 10 byeenkoms.*

**Kwagga Top 10:**
**Dogters- en Seunsspan:**
tweede plek
**Mila Ueckermann:**
beste senior veldatleet (dogters)

**Curro Podium Suidelike Kwalifiseerder:**
**Nasionaal:**
tans sewende plek
**Dogterspan:**
derde plek
**Seunsspan:**
sesde plek
**Mila Ueckermann:**
beste veldatleet (dogters) van die byeenkoms
Die Nasionale byeenkoms vind 13-14 Februarie 2026 in Pilditch, Pretoria plaas.

# HANNAH WYS BALANS



*deur Theunis du Plessis*

Hanna het die Wes-Kaap as 'n vlak ses ritmiese gimnas verteenwoordig in die "Rhythmic gymnastics SA Gym Games" wat in Durban, KwaZulu-Natal gehou is.

Sy het haar meriete as 'n gimnas bewys om aan nie net een nie, maar drie items deel te neem; nl: Tou, Lint en Vryhand.

In hierdie drie items, het sy onderskeidelik goud, silwer en goud gekry. Sy het ook in die algeheel goud gekry.

"Dit was my doelwit vir die jaar om op die podium te kom by die 'SA Gym Games', so ek is baie trots op myself," sê Hannah, die nuwe o.14-Suid- Afrikaanse kampioen vir Vlak Ses.

Baie geluk, Hannah!



*Hannah in aksie!*

# Totsiens, MR

**Toets jou kennis oor die uittredende MR van 2024/2025! Al het elkeen `n unieke persoonlikheid, het hulle uitstekend saamgewerk om die afgelope jaar `n sukses te maak!**

*deur Anduné Morkel*



*Inge de Villiers*



*James Donohoe*



*Odelia Krige*

**Illustrasies deur Marli Kluyts**

**1. Bovril is my gunstelingkos.**

Sophia Juwan
James Emma

**2. Ek is 100% 'n ekstrovert.**

Danville Odelia
Marinus Rieze

**3. Ek kan nie "Tinkerbell" and "The Neverbeast" kyk sonder om te huil nie.**

Inge Anuk
Liam Bernardo

**4. Ek het al tussen dolfyne geroei.**

Rieze Daniël
Mariké Leonore

**5. Ek was in 2007 die eerste baba wat op 1 Januarie in die Wes-Kaap gebore is.**

Marinus Inge
Danville Leonore

**6. Ek dra al 'n bril vandat ek twee jaar oud is.**

Anuk James
Sophia Bernardo

**7. Toe ek vier jaar oud was, het ek my "bangs" afgeknip. Ek moes vir weke 'n groot blou kopband dra om dit weg te steek.**

Liam Mariké
Juwan Emma



*Mariké Basson*



*Leonore Wessels*



*Rieze Steyn*




*Sophia Eksteen*

*1: James 2: Odelia 3: Inge 4: Rieze 5: Leonore 6: Sophia 7: Mariké*

# PAALSPRING AKADEMIE











**LOUIS NIENABER**

**+27 83 375 3673**

**MAANDAG TOT DONDERDAG**

**HOËRSKOOL STELLENBOSCH**

**TYD: 18H00**

**KOM PROBEER!!**

Boland Athletics Polevault Academy

boland_polevaultacademy

# 'n Goeie Hande

## by The Local Choice Pharmacy SIMONSRUST

### *Sr. Lucinda se kliniekdeur is altyd oop*

Kom sien Sr. Lucinda vir 'n vitamien B-inspuiting vir moegheid, as jy baie sport doen, of sommer net maklik siek raak. Sy doen ook wondsorg, ystertoetse, vratbehandeling, oor-ondersoeke en uitspoel, gee kontrasepsie asook immunisasies soos Gardasil, én kan raad gee as jy iets het wat pla.






### *Gratis aflewering - dis hoe ons rol!*

Ons splinternuwe MellowVan is op die pad en bring met GRATIS AFLEWERING jou medikasie direk tot by jou deur.

Simonsrust: 021 886 8354

### *Kry kundige sportraad by Igshaan*

Met 16 jaar se ondervinding weet Igshaan presies wat werk. Hy spesialiseer in sport- en oefenaanvullings en gebruik sy gym-ervaring om jou te help kies wat jou resultate gaan verbeter.





### *Jou aptekerspan*
### *— vinnig, vriendelik en betroubaar —*

Apteker Eddie en sy span assistente gee professionele en vriendelike diens - altyd gereed met die beste raad op dorp. Hulle maak elke besoek makliker, vinniger en sommer net beter,

the local choice
PHARMACY **SIMONSRUST**

Cnr Cluver & Helshoogte Rd; Simonsrust Centre; Simonswyk; Stellenbosch
021 887 0018 072 784 6355
simonsrust@thelocalchoice.co.za | simonsrust@stelkor.co.za

***Stelkor Apteekgroep***

# Is Your Child's $350 000 Degree Protected

Elite international education costs are climbing fast and currency turbulence makes planning unpredictable.

PilotInsure
STRAIGHT AND LEVEL INSURANCE

### The Turbulence Is Real

Funding the next generation requires a strategy built for volatility. School fees are rising 2.6% above inflation, and international tuition can reach US$60,000 a year. With the Rand under pressure, saving isn't enough - you need a real strategy.

### The Warning: Avoid the Compliance Crash.

If you use a family trust for wealth and estate planning, an interest-free loan to that trust could activate Section 7C. What looks like a tax benefit can become a recurring liability with up to 20% Donations Tax every year. Is your legacy structurally protected?

### We Offer Precision, Not Guesswork.

PilotInsure specializes in engineering solutions that guarantee the financial trajectory of your child's future. We secure assets through:

- Strategic Offshore Hedging
- Protected Education Endowments
- Trust Structural Integrity

Your Child's Future deserves a Blueprint for Sucses - not experiment in market luck

## REQUEST YOUR COMPLIMENTARY PRECISION AUDIT.

Secure your child's future trajectory. A 45-minute confidential assessment covering offshore currency risk, education endowment structuring, and Section 7C trust compliance.

We secure the next generation of wealth.

PilotInsure.co.za

Info@pilotinsure.co.za

Tsitsikamma
GARDENS
SELF-CATERING COTTAGES


















BOOK VIA:

airbnb

+27(0)83 3016 774

INFO@CENTRAL-RESERVATION.NET







# bodi therapi

DETOX · RECOVER · GLOW

A luxury wellness studio in Stellenbosch, offering a curated selection of treatments designed to restore balance, support recovery, and help you glow from the inside out.

BODY ROLL MASSAGE

INFRARED SAUNAS

ICE BATH

www.boditherapiwellness.com | +27 61 518 0470
De Jonker Centre, Mostertsdrift | Stellenbosch




AGRISELL PROPERTIES

25 Years

**Mariza Engelbrecht**
063 815 7498
mariza@agrisell.co.za

**Marisa Bosman**
082 440 2447
marisa@agrisell.co.za

**Lilanie Williams**
063 193 8924
lilanie@agrisell.co.za

EERLIKE ADVIES | UITSONDERLIKE DIENS | UITSTEKENDE RESULTATE

# VIR DIE STELLIES



# DEUR DIE STELLIES